4. DIE KREMETARTSTYL:

Hierdie styl kan ook met ander bome nageboots word. Bind 'n paar vyeboompies (Ficus natalensis) oral bokant die wortelvlak styf teen mekaar vas met plastiese kleefband. Die toppe van die boompies word as takke van die nuwe saamgestelde boom gebruik. Gee hierdie samevoeging 'n paar jaar kans om inmekaar te groei. Dit lyk soos 'n Kremetartboom met takke wat uitboog van die dik hoofstam. Dieselfde metode kan ook met Olienhoutboompies gebruik word.

Dit is belangrik om 'n tipiese Kremetart omlyning te bewerkstellig:
- 'n Dik stam wat byma reguit uit die grond kom met min groot, sigbare wortels.
- Die stam is sterk, dik en vertikaal gegroef. Dit lyk asof die takke in die stam oploop en boontoe uitbreek en vertak.
- Die tipiese Kremetart het vier tot sewe groot takke wat eers op en lateraal uitloop. Daarna spits dit vinnig en loop afwaarts. Verder is daar gewoonlik 'n tak wat die kroon vorm.

- Die Kremetartstyl het 'n baie bonkige stam met kort stewige takke wat grotendeels op dieselfde vlak uit die hoofstam spruit. Vertakkings is nie so dig en fyn soos by die besemstyl nie.

WILDEVYE VIR BONSAI
THEUNIS ROOS

INLEIDING:

Wildevye verleen hulle baie goed vir die kweek van Bonsai. In omtrek is dit van Suid-Afrika se grootste inheemse bome. Die stam word baie dik en dit vorm 'n groot kroon. Bekende Wildevyebome is: die wonderboom by Pretoria, die Ficus thonningii by Nylstroom, die Ficus natalensis in Natal en die rooiblaar Ficus ingens by Rustenburg wat 14 jaar gelede uitmekaar geskeur het omdat die takke te swaar geword het. Die groot Ficus sycomorus is in die Kruger Wildtuin te sien.

Alhoewel Wildevye reuse bome word in die natuur kan dit tot die kleinste Bonsai ("showin" of "mame") verdwerg word en behou dit steeds die voorkoms van sy reuse broers en susters.

1. GRONDMENGSELS:

Wildevye groei goed in byna alle grondmengsels maar verkies tog 'n mengsel van gelyke dele sand en kompos. Dit groei egter ook goed in sand waarin baie wortels kan vorm. Wildevye kan ook binneshuis gekweek word en sal selfs in water groei. Tog kan dit ook met min water klaar kom waar dit teen die rotse en kranse in die skroeiende Laeveld-son groei.

Die wurgvy reeks is die geskikste vir die kweek van Bonsai: Ficus natalensis, Ficus thonningii en Ficus craterostoma. Aangesien die blare baie verklein is dit nie vreemd om dit tot die grootte van 'n pinkienael te verdwerg nie, terwyl die natuurlike grootte daarvan ongeveer 80mm by 30mm is.